MURRAYSBURGER

Murraysburg
a beautiful secret

The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Contact details on page 2

Jan 2012
R3.00
No 10

Koel Crawl trek baie deelnemers

Alhoewel die beursies van die meeste Suid-Afrikaners vanjaar effens aan die plat kant is, het nogtans 107 fietsry-entoesiaste van oral oor die land aan die alom bekende Sneeuberg Crawl kom deelneem. Sommiges het van Pretoria en Kaapstad en ander weer van Worcester en Wilderness gekom, terwyl die ondersteuning van die omliggende dorpe en uit eie geledere uitstekend was. Dit is baie verblydend dat alle plaaslike fietsryers hierdie geleentheid goed ondersteun.

Vir die eerste keer in baie jare is die deelnemers, wat vanaf 5:00 by die skousaal ingeskryf het, met ongekende koue, 'n geniepsige windjie en selfs reën begroet. Enkeles wat onkant gevang is,omdat hulle nie sulke weer op 3 Desember verwag het nie moes letterlik druipstert weens die koue en nat toestande omdraai. Nogtans het 107 deelnemers, die meeste in baie jare, na ds André Louwrens se gepaste opening die mooi maar uitdagende roete aangepak. Die Sneeuberge bly mooi, al het 'n mens al 'n jaar of twee gelede daar gery, en die vriendelike gesigte by al die water- en verversingspunte langs die roete was vol aanmoediging. Afgesien van die bemoediging was eet- en drinkgoed oral in oorvloed beskikbaar en die knetterende vuurtjie by Weltevreden net die regte ding om die lewe terug te lok na verkluimde hande en vingers.

Hierdie fietsrygeleentheid gaan nie so seer om wen en beter tye nie, al doen elkeen natuurlik in die soms moeilike omstandighede sy bes. Dit is die onderlinge kameraadskap, gasvryheid en vriendelikheid, wat die deelnemers afgesien van die mooi natuurskoon onthou en jaar na jaar laat terugkom. Al is dit natuurlik heerlik om self te presteer, is dit nie al wat tel nie, en is daar respek vir persone soos die 80-jarige Dammetjie Rossouw, wat alle elemente trotseer en vir menige jonger man wegry. Die jonge Luke Kingwill het gewys dat daar vasberade murg in sy pyp is en figuurlik gesproke lekker stof in meer ervare ryers se oë geskop. Dit is 'n familie uitstappie en die ondersteuners en helpers wat by die skousaal lekker pannekoek en ander verversings kon geniet, is net so gul by die verskillende waterpunte ontvang. Terug by die skousaal is daar tog te lekker gekuier, gesels en geëet.

Daar was enkele spesiale pryse vir Murraysburg-deelnemers. Dammetjie Rossouw met sy 80 jaar was loshande die oudste deelnemer, terwyl Luke Kingwill die jongste Murraysburg deelnemer was. Dit wil ook voorkom asof die Therons van Loskop goeie fietsrygene het aangesien Aletta Theron, alhoewel sy reeds oumastatus verwerf het, eerste van die Murraysburg dames was en haar seun Roelof vir alle ander Murraysburgers weggery het. Baie geluk aan hierdie vier deelnemers.

Die organiseerders, Kay Hesselink en Theronnie van der Merwe, moet geluk gewens word met puik reëlings, wat 'n genoeglike dag aan vele verseker het, maar sonder die nou al tradisionele hoofborg, Rassie Erasmus, sou die Sneeuberg Crawl nie kon plaasvind nie. 'n Besondere woord van dank aan hom, wat jaar na jaar sy hand diep in sy sak steek sodat selfs die nie-wenners met gelukkige trekkings kan huiswaarts keer.

Luke Kingwill en Dammetjie Rossouw, jongste en oudste deelnemer aan die Crawl

Die jeug trek saam op Landsig

Soos dit nou al 'n tradisie is, het alle jongmense, wat vir die vakansie tuis is, die Laer-Buffelsrivier Boerevereniging se jaarlikse dans op Landsig bygewoon en die aand baie geniet.

Soos elke jaar het Rikus en Alna Theron met die hulp van die jonger bestuurslede geen moeite ontsien om hulle skeerhuis deur die gebruik van dennebolle, sisalblomme en rooi tafeldoeke 'n gedaanteverwisseling te laat ondergaan nie. Dit was dan ook lekker om soveel jongmense uit alle uithoeke van die distrik te sien saamkuier. Dis veral verblydend dat daar nou op verskeie plase jong boere is en die jeug nie net uit studente bestaan nie. Ook die middeljariges en oues het die dans en heerlike spitbraai geniet en het hierdie geleentheid amptelik die begin van die vakansieseisoen ingelui.

'n Besondere woord van dank aan Alna en Rikus Theron vir hulle gasvryheid en harde werk en aan Paul Avenant van Kay's kafee, wat soos elke jaar, wyn en pryse geborg het!

'n Ouerige man word omstreeks 02:00 deur die polisie gestop en gevra waarheen hy so laat op pad is.

Die man antwoord: "Ek is op pad na 'n lesing oor alkoholmisbruik en die effek daarvan op die menslike liggaam, sowel as van die slegte gevolge van rook en laatnag uitbly."

Verkeerskonstabel: "Werklik? En wie gaan hierdie tyd van die nag vir jou so 'n lesing gee?

Man: "O, dit sal die vrou wees met wie ek getroud is."

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za / jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.
Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.
The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

FROM THE EDITOR'S DESK …….

Hello and Happy New Year to all of you !

Here we are finally facing 2012, we have been told from many quarters that it promises to be profound on many levels. I hope for all of us here in Murraysburg that it is good whatever it may bring. We, in particular, have lots of plans for our Gift and Coffee shop which we are certain will add a different dimension to all your lives in some way.

One area where I am hoping to make a difference, is with the animals in our town. Plans are going ahead to bring a group of vets to Murraysburg to do a 'spayathon' which means that all pet owners just need to bring their dogs and cats along and they will be spayed or neutered free of charge. For updates on this project just pop into 'Kweperlaan' our coffee shop, to give us your details and we will keep you informed.

Now, make just one New Year's resolution and then make another to keep the first one!

Jen

'n Nota van Marietta: Daar sal hierdie maand geen gedrukte weergawe van die Murraysburger wees nie, aangesien die drukkers nog lekker vakansie hou. Ons sal wel in Februarie die laaste gedrukte weergawe uitgee. Die rede hiervoor is dat dit vir ons net ekonomies nie sin maak nie. Ons laat elke maand 100 uitgawes druk wat ons R300 kos en waarvan ons net sowat 30 verkoop. Ons kan ongelukkig nie langer aanhou om hierdie verlies te dra nie en tot tyd en wyl ons iemand kan kry om die Murraysburger gratis of baie goedkoop vir ons te druk (soos ons verstaan Beaufort-Wes Munisipaliteit in die verlede gedoen het), sal ons koerantjie vanaf Maart 2012 net op die internet beskikbaar wees by www.murraysburg.co.za

En net voor ek vergeet, op bladsy 6 is 'n foto collage van die voedingsprojek gedurende die afgelope skoolvakansie waarvan ons in die vorige nuusbrief melding gemaak het – ons hoop om later 'n volledige verslag te hê.

Mooiloop!

MURRAYSBURG KRY SY EIE K K EN K!!!

'Kweperlaan Koek en Koffie'

Op 1 Desember 2011 het Jenny en ek (Marietta) amptelik ons koffiewinkel oopgemaak en ons glo dit gaan sommer gou die lekkerste kuier- en bymekaarkomplek in die dorp word! Jan-Hendrik (Swiegers) en sy familie het die ou huis pragtig herstel en stel dit goedgunstiglik beskikbaar vir ons deur die jaar, met die een voorwaarde, dat wanneer hy en sy familie wil kom vakansie hou hier in Murraysburg, ons ons deure vir daardie paar dae sal sluit. Dit gee dan sommer vir my en Jenny ook 'n ruskansie!

Aanvanklik gaan ons konsentreer op klein geskenkies, koffie/tee en koek, 'n ligte ontbyt/middagete, tuisgemaakte lekkernye en deli produkte, tipiese plaaslike Karoo artikels, 'n klein kwekery en later selfs vars blomme. Met die tyd wil ons ook graag besigheidsdienste aanbied soos fotostatiese afskrifte, laminering, skandering, die afstuur en ontvang van fakse en epos, en internet dienste. Ons sal ook vergaderings, konferensies, verjaarsdag partytjies ensovoorts kan akkommodeer en wie weet, dalk selfs 'n opgeleide skoonheidskundige kry om so eenkeer 'n maand na die dames se naels en velsorg om te sien!

Daarby wil ons graag ons plaaslike kuns bevorder, van skilderye deur Sarie Reynolds en Janet Kingwill tot ons jong seuns se draadkarre! Ons begin maar op 'n klein skaal en sal terugvoer van die gemeenskap waardeer oor wat hulle behoeftes is en wat hulle dink reisigers na ons dorp sal lok.

Kom gesels met ons by Voortrekkerstraat 15 of sien ons kontakbesonderhede bo-aan hierdie bladsy.

Ons hoor graag van julle!

PERSONEEL EN INWONERS KUIER SAAM

Op Woensdag 7 Desember het die beheerraad van Huis Spitskop met die hulp van Johanna van der Merwe van Stellenboschvlei die personeel en inwoners 'n bietjie bederf en is daar heerlik saamgekuier.

Die personeel het elke inwoner, afgesien van die bedlêendes, gehelp om uitgedos in hulle beste klere in die mooi en smaakvol versierde eetsaal byeen te kom. Maretta Theron, wat die funksie puik gereël het, het 'n kort maar treffende kersboodskap gebring en almal het met die begeleiding van Hermien Botha 'n aantal kersliedere uit volle bors gesing en vir 'n wyle van alle pyne en beperkinge vergeet. Elma Immelman het die eenvoud van die kersboodskap soos Eitemal dit by monde van Jaffie, die donkie in die stal van Betlehem, vertel, meesterlik tot sy reg laat kom terwyl Werner Swart, 'n nuwe onderwyser by die hoërskool, se sangitems spesiaal was.

Mette Kromhout het namens die personeel vir hulle toewyding en lojaliteit nie een personeellid uitgesonder kan soos dié van 'n skakel in 'n ketting, die siekeboeg gewerk het, en Margaret waskamer was ,tree beide met pensioen bedank, terwyl Maria Dokter 'n sertifikaat word aan Saartjie Cupido, wat sedert Huis oopgemaak het, ononderbroke in diens is, sertifikaat asook 'n horlosie as blyk van beheerraad en die inwoners aan die hulde gebring. Sy het beklemtoon dat word nie aangesien elkeen se bydrae, onmisbaar is. Johanna Booysen, wat in Hugo, wat 'n steunpilaar in die uit en word vir jare se getroue diens vir vyf jaar se goeie diens ontvang. Daar Spitskop 30 jaar gelede sy deure hulde gebring en sy ontvang 'n die beheerraad se waardering.

Terwyl die beheerraad 'n heerlike koue ete bedien het, het die personeel en inwoners ontspanne soos een groot familie saamgekuier en die gemoedelike atmosfeer geniet. Vir 'n kort tydjie kon die personeel 'n bietjie bederf word en weet dat hulle dikwels moeilike diens raakgesien en waardeer word terwyl elkeen se geskenkie, geborg deur die plaaslike NG-gemeente, as mooi gebaar van welwillendheid inwoners en personeel verbly het.

Hierdie aangename funksie het die mooi band tussen inwoners, personeel en bestuur beslis versterk! ***Mette Kromhout***

KERSSANGDIENS IETS BESONDERS

Die Kerssangdiens van die plaaslike NG-gemeente wat op 27 November vir die hele gemeenskap aangebied is, was weer eens danksy die sang en atmosfeer iets besonders.

Op 'n ouderdom, wanneer die meeste 82-jariges hulle aan die gemeenskap onttrek, ken Hermien Botha, die plaaslike orreliste, se kreatiwiteit en daadkrag geen perke nie. Met sorgvuldige en geïnspireerde beplanning kom sy elke jaar met iets nuuts vorendag om van die Kerssangdiens 'n besondere lofprysing te maak.

Sarie Reynolds se rangskikking van potte vars blomme en kerse het 'n gewyde atmosfeer geskep waarin die voorlesings, rustig aangebied deur Theresa Troskie en Paul Avenant, sentraal gestaan het. Die koorsang het die blye boodskap hoofsaaklik uit die evangelie van Lukas aangevul met enkele verse uit Jesaja, Kolossense en die Hebreërbrief verder versterk, terwyl die baie geleenthede tot gesamentlike sang elkeen deel van die aand se verrigtinge gemaak het.

Die koorlede, bevoorreg om danksy Hermien Botha se wye ervaring en kennis, die mooiste kersliedere te kan aanleer, het vir haar geduld en werkwyse net die grootste respek en sien reeds uit na 2012 se Kerssangdiens!

English - The Universal Language

Airline ticket office, Copenhagen: WE TAKE YOUR BAGS AND SEND THEM IN ALL DIRECTIONS.

A Laundry in Rome: LADIES, LEAVE YOUR CLOTHES HERE AND THEN SPEND THE AFTERNOON HAVING A GOOD TIME.

On a poster at Kencom: ARE YOU AN ADULT THAT CANNOT READ? IF SO WE CAN HELP.

ANNATJIE REYNOLDS INSPIREER TUINBOULEDE

Tydens die Novembervergadering van die Tuinbouklub, wat in die prentjiemooi tuin van Rialene en Fanus van der Merwe op die plaas Rooisandheuwel gehou is, was Annatjie Reynolds van die distrik Hutchinson die gasspreker.

Annatjie Reynolds is in die Karoo wyd bekend as mede-uitgewer van die gewilde Camdebo Wildsvleis resepteboek. Alhoewel sy ‘n B.Sc-huishoudkundegraad het en ook ‘n groot bydrae tot Union High se “Karoo Family Favorites” – resepteboek gelewer het, is sy hoofsaaklik weens haar sprankelende, positiewe lewensuitkyk as gasspreker na die jaar se afsluitingsvergadering genooi.

Onopgesmuk en spontaan het sy die lede na aanleiding van haar eie lewenservaring aangemoedig om nooit toe te laat dat hulle stagneer nie, maar om ongeïnhibeerd elke moontlike kans, wat hom voordoen, aan te gryp. Niks word sonder waagmoed bereik nie en almal maak foute, maar die belangrike is om uit jou foute te leer en om vir jouself te kan lag. Dis fataal om oor die foute, wat gemaak is, te broei. Sy beklemtoon dat ‘n mens op die uitkyk vir geleenthede moet wees en jou talente kreatief moet gebruik.

Reynolds het erken dat ook sy van inspirasie afhanklik is en dat sy dit geniet om resepte vir diegene, wat haar inspireer, soos byvoorbeeld Marita van der Vyfer, te skryf. Dis vir haar belangrik om verantwoordelik met die mense om haar om te gaan en hartskos, nie pligskos nie, te maak. Geen wonder dat sy so in aanvraag is vir kosdemonstrasies en selfs radiopraatjies en –onderhoude nie!

Tydens haar demonstrasie merk die tuinboulede dat Reynolds nie net die gewone nie, maar ook minder algemene groente en kruie, soos aspersies en sorrel, self verbou. Danksy haar deeglike voorbereiding en ervaring het sy dit maklik laat lyk om Marianne Palmer se koue wildsrol te maak en het sy dit vinnig so mooi met verskillende soorte selfgekweekte slaai en “pepperdews” garneer dat elkeen daarvan wou proe en dié wildsrol nou op die meeste lede se kersspyskaart verskyn. Haar wildspatee, sommer so terloops gedurende die gesels voorberei, was net so ‘n treffer.

Groot was die opwinding toe ‘n trekking gedoen is vir die twee Camdebo Wildsvleis-resepteboeke, geskenk deur Reynolds, en nadat tuisgemaakte geskenkies uitgeruil is, kon die lede Rooisandheuwel se parkagtige tuin bewonder. Die versorging en onderhoud van dié mooi tuin laat reg geskied aan sy goeie beplanning en uitleg. Massas geel, wit en rooi rose word goed gekomplementeer met petunias in besondere sterk kleure, afgesien van die struike en goedversorgde grasperke. Dié tuin is ‘n ware lushof, maar elke tuinier besef ook dat voortdurende tyd, werk en liefde ‘n voorvereiste is om so ‘n eindresultaat te verkry, veral in die Karoo.

Die uitstappie na Rooisandheuwel en die kennismaking met Annatjie Reynolds was vir elke tuinboulid ‘n inspirerende ervaring!

Mette Kromhout

Kundigheid ook op platteland beskikbaar

Tydens twee Annique grimeer- en bederfsessies gehou op 28 November in die dorp aan huis van Maryn de Klerk en op 29 November op Grootdriefontein, tuiste van Karin Reynolds, het die mooie Michelle Cloete gewys net hoeveel kundigheid hier op die platteland beskikbaar is.

Sy het verduidelik dat bates deur middel van grimering beklemtoon kan word terwyl tekortkominge onderspeel kan word deur op die regte manier van ligte en donkerder kleur gebruik te maak. As vertrekpunt moet elke vrou egter haar eie gesig objektief ontleed en bepaal of haar vel warm of koel ondertone het. Geel en oranje vlei die warm ondertone, terwyl bloue en pastelkleure die koeler ondertone komplementeer.

Die vorm van die gesig, wat rond, lank, vierkantig, soos ‘n hart of op sy beste ovaal kan wees, bepaal ook hoe grimering aangewend word. Dan is die grootte van die oë, hulle kleur en ligging ook belangrik. So sal blou oogskadu nie blou oë tot hul reg laat kom nie, terwyl ligte kleure weerskante van die neusbrug die illusie van wydte by oë, wat té naby aan mekaar is, sal skep. Aldus Cloete is oogomlyner indien subtiel van buite die oog na binne aangewend vir alle oë belangrik, maar dit moet soos ook die oogskadu ingeskakeer word en nie harde lyne om die oë vorm nie. ‘n Goeie kwaliteit maskara, wat nie klonterig is nie, rond die ooggrimering mooi af. Ouer persone moet glansende oogskadu vermy.

Dit is ook belangrik om die tipe mond te bepaal en met slim lipomlyning en lipstiffie kan selfs té smal lippe voller vertoon. By grimering moet op die mooiste deel van die gesig gefokus en die kleur van oë en hare moet in ag geneem word. Die gesigsvorm moet by die keuse van oorkrabbetjies in ag geneem word aangesien groot, opvallende, ronde oorkrabbetjies byvoorbeeld die rondheid van ‘n gesig sal beklemtoon.

Michelle Cloete het die dames nie net toegegooi met ‘n klomp teorie nie, maar het op haar eie gesig gedemonstreer hoe grimering vleiend aangewend behoort te word en watter foute vermy moet word. Daar was ook geleentheid vir die dames om vrae te vra en sommiges is deur Cloete as voorbeelde met Annique-produkte, wat so ontwikkel is dat die vel gevoed en nie uitgedroog word nie, gegrimeer.

Afgesien van die leersaamheid van Cloete se praatjie en demonstrasie was dit groot pret en kon die dames ook Annique-produkte teen afslagpryse en as winskopies bekom. Soos gewoonlik was Karin Reynolds se reëlings puik en is aan elke detail aandag gegee.

JAARVERGADERING EN KUDDEKOMPETISIE VAN MURRAYSBURG SYBOKHAARKWEKERS-VERENIGING, 2011

Die Murraysburg Sybokhaarkwekersvereniging het hul jaarvergadering begin Desember te Vleiplaatz, plaas van William en Linda Biggs, gehou.

Nadat ds. André Louwrens die vergadering op paslike wyse geopen het, het die voorsitter, mnr. Theronnie van der Merwe, mnre Louw en Frans Retief met hulle Miyuki Reserwe Groot Kampioen-skeersel 2010, gelukgewens. Hierdie gedugte pa en seun was ook sewende in die Zegna-kompetisie vir die beste baal somerkleinbokkiehaar.

Mev. Linda Henderson, wat op die SSA se Direksie herverkies is, is gelukgewens voordat Frans Retief, die sekretaris, die notule voorhou en 'n kort opsomming van die vorige jaar se finansies gee.

Die sprekers, mnr. Pierre van der Vyver (Hoofbestuurder, Sybokhaar CMW), mej. Annelie van Zyl (Ceva), mnr. Louw Retief (Trustee Sybokhaartrust, SASKV- bestuurslid), mnr. Deon Saayman (Hoofbestuurder,SSA) en mej. Anlé Marais (SSA) het interessante feite en insigte met die teenwoordiges gedeel.

Voordat daar oorgegaan is na die verskeie kompetisies is die bestuur vir 2012 gekies en dit was verblydend dat verskeie van die jonger manne verantwoordelikhede begin aanvaar. Voorsitter: Frans Retief, ondervoorsitter: Louw Retief, Sekretaris: Phil de Klerk en hulpsekretaris: Percy Reynolds. Die addisionele lede is mnre Theronnie van der Merwe, Rikus Theron en Phlippie Retief.

***Frans Retief en Phil de Klerk, nuwe voorsitter en sekretaris van die Murraysburg* Sybokhaarkwekers-vereniging, 2012, besig met tipering en mikroskatting van bokhaarmonsters**

Die kompetisies, alhoewel ernstig benader, lewer altyd heelwat pret op. Phil de Klerk was die wenner van die plasing van die ooie. Die boere kon ook bokhaarmonsters tipeer en die mikrons daarvan skat. Frans Retief het sy slag met die tipering van die bokhaarmonsters gewys, terwyl Theronnie van der Merwe uitgeblink het met die mikronskatting. Geoff Kingwill was die enigste boer wat 'n ooi se gewig korrek kon skat!

Die kuddes is deur mnre Petrie Maré en Cassie Carstens van CMW beoordeel en afgesien van die wisseltrofeë is verskeie pryse deur CMW en SSA geborg en deur Pierre van der Vyver (CMW), Lindsay Humphreys (SSA) en Frans Retief aan die wenners oorhandig.

William Biggs van Vleiplaats se individuele ooitjies, sowel as sy groep ooitjies, het die eerste sowel as die tweede prys ontvang terwyl Theronnie van der Merwe se groep ooitjies die derde plek behaal het.

Na 'n leersame en interessante vergadering kon die gaste die heerlike kos, voorgesit deur Noeline Hattingh en haar helpers, geniet en is die Murraysburg Sybokhaarkwekersvereniging groot dank aan William en Linda Biggs vir hulle gasvryheid op Vleiplaatz verskuldig.

‘n Gemeenskap betoon empatie

Ten spyte van ‘n propvol jaareindprogram het baie Murraysburgers op Saterdag, 26 November, op Brandkraal byeengekom. Die teenwoordiges is tussen die beskikbare 4x4-voertuie verdeel en het onder leiding van Peet de Klerk die uitdagende pad na die toring op Middelkop aangepak. Die voorste deel van die bergkompleks is gedeeltelik op die plase Middelkop en Brandkraal, enkele kilometer buite die dorp op die Victoria-Wespad, geleë. De Klerk het die pad ongeveer tien jaar gelede op sy plaas Brandkraal deur Flippie Conradie laat maak ten einde die grond beter te kan benut.

Danksy goeie bestuursvernuf, veral ook van die 82-jarige Oscar Smuts, is almal met die asemrowende uitsig van bo beloon. Selfs van die ou inwoners van die distrik is verras deur die pragtige rotsformasies, plantegroei en ongereptheid van die bergkompleks.

Nadat ‘n redelik onlangse intrekker van die dorp ernstig siek geword het, het die gedagte by Peet de Klerk ontstaan om as gemeenskap ook tasbaar empatie te betoon. Hy het sy plan by die mannebiduurgroep getoets en met hulle ondersteuning die gratis 4x4-rit, gevolg deur ‘n heerlike spitbraai, gereël.

Daar is heerlik gesmul aan die skaap, wat meesterlik deur Michau du Toit met die hulp van Phil de Klerk gebraai is, en gesellig saam om die vuur verkeer. Diegene, wat wou, het ‘n geldeike bydrae in ‘n houer, wat vir dié doel beskikbaar was, geplaas en op hierdie wyse hulle empatie betoon. Al kan die bydraes nie vir die duur mediese behandeling betaal nie, het dié gebaar vir die ontvanger bevestig dat hy nie alleen in sy stryd teen sy siekte is nie en dat hy deel van die Murraysburgfamilie is.

Alle Murraysburgers is dankbaar dat De Klerk met sy dryfkrag sy plan ten uitvoer gebring het en is begeester om in die toekoms nog meer na mekaar uit te reik.

Mette Kromhout

Agape Voedingskema - 2011